



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## DANSSTUDIES

### NSS-EKSAMENRIGLYNE

#### GRAAD 12

2015

Hierdie riglyne bestaan uit 28 bladsye.

**INHOUDSOPGAWE**

	<b>Bladsy</b>
<b>1. INLEIDING</b>	<b>3</b>
<b>2. ASSESSERINGSVEREISTES IN GRAAD 12</b>	<b>4</b>
<b>3. KOGNITIEWE VLAKKE</b>	<b>4</b>
<b>4. VOORBEREIDING VAN DIE LEERDERS VIR DIE EKSTERNE TEORIE-EKSAMEN</b>	<b>6</b>
<b>5. INHOUD VAN DIE TEORIE-VRAESTELLE</b>	<b>7</b>
5.1 Dansgenres	7
5.2 Dansgeskiedenis	7
5.3 Dansgeletterdheid: Kies van Voorgeskrewe Werke	7
5.4 Inheemse dans vir Nie-Afrika-hoofdansvorme	8
5.5 Loopbane	9
5.6 Beplanning van 'n Gemeenskapsdansprojek	9
5.7 Funksies en Waardes van Dans in die Samelewing	9
5.8 Improvisasie, Komposisie/Choreografie	9
5.9 Produksie	9
5.10 Veilige Danspraktyk en Gesondheidsorg	9
5.11 Musiek	10
<b>6. KONSOLIDASIE EN HERSIENING</b>	<b>10</b>
<b>7. WENKE OM VRAESTELLE OP TE STEL</b>	<b>11</b>
<b>8. ALGEMENE RIGLYNE VIR NASIEN</b>	<b>11</b>
<b>9. VOORBEREIDING VAN LEERDERS VIR DIE EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMEN</b>	<b>12</b>
9.1 Interne Toetse en Eksamens	12
9.2 Voorbereiding vir die Praktiese Eksamen	12
9.2.1 Klaswerk	12
9.2.2 Die Solo	13
9.2.3 Die Improvisasie	14
<b>10. ADMINISTRASIE VAN DIE FINALE EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMENS EN SIGMODERERING</b>	<b>15</b>
<b>11. GEVOLGTREKKING/SLOT</b>	<b>15</b>
ANNEXURE A: Graad 12 Praktiese Eksameninstrument	16
ANNEXURE B: Prestasievlakbeskrywers	17
ANNEXURE C: Spesifieke Vereistes: Latyns Amerikaans, Baldanse, Ballet vir die Praktiese Eksamen	18
ANNEXURE D: Onderwysers se Voorbereiding vir die Finale Eksamen	19
ANNEXURE E: Dansers met Ernstige Siektes en Beserings	20
ANNEXURE F: Navorsingsprojek: Asseseringsinstrumente	22
ANNEXURE G: Graad 12 Tegniekkontrolelys oor Vier Dansvorms	24
ANNEXURE H: Opstelskrif-vaardighede	27
ANNEXURE H: Hulpbronne vir Dansstudies	28
<b>Akronieme</b>	
KABV	Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
PAT	Praktiese Asseseringstaak
SGA	Skoolgebaseerde Assesering

## 1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Dansstudies beskryf die aard en doel van die vak Dansstudies. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in Dansstudies geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamen. Dit behandel op geen vlak die skoolgebaseerde assessering (SGA ('SBA')) of die praktiese assesseringstake (PAT'e), wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar bygewerk word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV): Dansstudies*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, Die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R-12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R-12

## 2. ASSESSERINGSVEREISTES IN GRAAD 12

Die formele assesseringsvereistes vir graad 12-Dansstudies in die KABV-dokument is:

<b>Eksterne eksamen</b>	<b>200 punte</b>
Die finale NSS-eksamen in kwartaal 4 sluit 'n praktiese eksamen en 'n teorie-eksamen in. Dit maak 50% van die finale graad 12-punt uit en word ekstern opgestel en nagesien.	
<b>TOTAAL:</b>	<b>400 punte</b>

Die formele assesseringsprogram vir Dansstudies uit die KABV-dokument, bl. 38 is:

**Kwartaal 4:** Praktiese eksamen: 100 punte  
Teorie-eksamen: 100 punte

## 3. KOGNITIEWE VLAKKE

Formele assessering moet in beide die praktiese en die teorie-eksamens vir 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders voorsiening maak. Bloom se taksonomie verskaf 'n mate van leiding, bv.:

### 3.1 Teorie

Vrae moet gestruktureer word om lae, medium en hoë kognitiewe vlakke in te sluit om vir alle leerders voorsiening te maak.

Die KABV vir Dansstudies (bl. 39) verskaf die gewigstoekening van vrae vir die teorievraestel:

- Lae-orde (30%)
- Medium orde(50%)
- Hoër-orde (20%)

Eksamen-/Toetsvraestelle moet met makliker vrae begin om leerders se selfvertroue op te bou. In 'n vraag sluit makliker lae-orde-vrae in en bou op na moeiliker hoë-orde-vrae.

Hieronder volg 'n algemene beskrywing van drie kognitiewe vlakke, hoewel hulle by tye kan oorvleuel, bv. 'n mens kan op 'n graad 1-vlak en 'n graad 12-vlak analiseer.

Kognitiewe vlak	Beskrywing	Vraagtipes
Laag 30%	Herken Onthou	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Herroep/Onthou inligting</li> <li>• Identifiseer</li> <li>• Definieer</li> <li>• Noem op</li> <li>• Pas items by mekaar</li> <li>• Beskryf</li> <li>• Benoem</li> <li>• Vind</li> <li>• Verskaf byskrifte</li> <li>• Vul die ontbrekende woorde in</li> <li>• Waar of onwaar</li> <li>• Meervoudige keuse</li> </ul>

Medium 50%	Begrip Ontleed Pas toe	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Breek inligting in onderdele op om te verken, dekonstrueer</li> <li>• Som op</li> <li>• Klassifiseer</li> <li>• Verduidelik idees of konsepte</li> <li>• Brei uit, gee voorbeelde</li> <li>• Gebruik inligting in 'n ander bekende situasie</li> <li>• Skryf in 'n formaat, bv. brief/resensie/programnotas/biografie, mediaverklaring</li> <li>• Organiseer</li> </ul>
Hoog 20%	Skep Evalueer Los probleme op	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Genereer nuwe idees, produkte of maniere om dinge te beskou, eksperimenteer</li> <li>• Ontwerp, konstrueer, beplan, skep, vind uit</li> <li>• Regverdig 'n besluit of handelswyse</li> <li>• Beoordeel, gee en staaf eie mening</li> <li>• Lewer kritiek, interpreteer</li> <li>• Vergelyk – vind ooreenkomste en verskille</li> <li>• Bespreek – gee meer as een mening</li> <li>• Dink na, ondersoek krities, voer onderhoude</li> </ul>

### 3.2 Prakties

Die tabel hieronder dien slegs as 'n riglyn. Die vlak van die aksie kan wissel na gelang van die kompleksiteit van die taak, bv. daar is lae-, medium- en hoë vlakke van musikaliteit.

Kognitiewe vlakke	Beskrywing	Tipes aksies
Laag 30%	Naboots Onthou/Herroep	Tegniek: naboots- en onthou-oefeninge; -ritmes en -danse
Medium 50%	Toepas Ontleed	Tegniek, opvoering/optrede: toepas van tegniese vaardighede; bewustheid van eie en ander se ruimte; veilige gebruik van die liggaam en begrip van fiksheids-komponente; musikaliteit; integrasie van liggaam en gees
Hoog 20%	Komposisie Skep Ontleed Sintese Interpreteer Dink na/Besin Integreer liggaam en gees Evalueer Beoordeel Lei/Bestuur	<p>Improvisasie: dink abstrak; ontwikkel 'n voorneme/oogmerk op die plek; internasionale musiek</p> <p>Solo-optrede: vertolk; verstaan betekenis van beweging; koördinasie; kinestetiese bewustheid; kommunikasie; sintese van styl en beginsels in 'n opvoering/optrede; kreatiwiteit; musikaliteit; beweeglikheid</p>

#### 4. VOORBEREIDING VAN LEERDERS VIR DIE EKSTERNE TEORIE-EKSAMEN

Om graad 12-leerders bevredigend voor te berei, moet die teorie-eksamen in die tweede en derde kwartaal op dieselfde beginsels en formaat as die finale eksterne teorie-eksamen gebaseer wees.

##### Riglyne vir Vraestel 1: Teorie-eksamen

Die finale eksterne teorie-vraestel word ekstern deur 'n nasionale eksamenpaneel opgestel wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBE) aangestel is; deur 'n eksterne moderator gemodereer wat deur Umalusi aangestel is en deur 'n nasienpaneel wat nasionaal of provinsiaal aangestel is, nagesien.

Die teorievraestelle vir kwartaal 2 en kwartaal 3 word intern opgestel en nagesien en ekstern gemodereer.

Die Dansstudies-vraestel word uit 100 punte opgestel en leerders het DRIE uur om die vraestel te voltooi. Die meerderheid vrae sal uit die graad 12-kurrikulum geneem word, aangevul deur 'n beperkte hoeveelheid inhoud uit graad 10 en 11, soos in die KABV-kwartaalplanne uiteengesit.

Die eksamenvraestel moet 'n paar keusevrae bevat. Byvoorbeeld, die afdeling oor die hoofspiergroepe en hulle anatomiese werking is opsioneel (sien graad 11 in die KABV-dokument, bl. 13). Daar moet ook keusevrae in die dansgeletterdheidsafdeling wees, aangesien daar 'n wye verskeidenheid danswerke is wat bestudeer kan word.

Die KABV-dokument (bl. 42) stel 'n formaat vir die teorievraestel met moontlike onderwerpe voor. Dit is slegs 'n riglyn en nie 'n formule vir die vraestelle nie. Nie al hierdie onderwerpe kom dalk voor nie, en ander kan gebruik word wat nie hier genoem word nie, maar dis deel van die Dansstudies-kurrikulum.

Die vraestel bestaan uit twee afdelings met 'n hoër gewigstoekenning vir dansteorie en dansgeskiedenis (60%), en 'n kleiner gewigstoekenning vir veilige danspraktyk en gesondheidsorg (40%).

AFDELINGS	MOONTLIKE ONDERWERPE	PUNTE
AFDELING A: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beginsels, doelwitte en opwarm- en afkoelprosesse</li> <li>• Postuur, liggaamshouding en liggaamslyn</li> <li>• Sinoviale gewrigte</li> <li>• Spiere en anatomiese werking (opsionele vraag)</li> <li>• Struktuur, beweging en veilige gebruik van die ruggraat</li> <li>• Komponente van fiksheid: krag, soepelheid, uithou-vermoë, kernstabiliteit, neuromuskulêre vaardighede</li> <li>• Beserings: oorsake, behandeling en voorkoming</li> <li>• Voordele van goeie voeding, gebalanseerde dieet en hidrasie</li> <li>• Eetsteurnisse, stereotipering</li> <li>• Geestesgesondheid: spanning, stres, ontspanning, konsentrasie</li> </ul>	40

<b>AFDELING B:</b> Dansgeskiedenis en -geletterdheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dansgeskiedenis</li> <li>• Funksies en waardes van dans in die samelewing</li> <li>• Vorms, beginsels en kenmerke van die hoofdansvorm en 'n ander dansvorm</li> <li>• Vergelyking van dansvorme</li> <li>• Loopbane in dans en verwante bedrywe</li> <li>• Gemeenskapsdansprojekte</li> <li>• Choreografiese strukture en opvoerruimtes</li> <li>• Dansproduksie en -bemarking</li> <li>• Musiekelemente, -terme, -instrumente</li> <li>• Dansgeletterdheid: voorgeskrewe internasionale en Suid-Afrikaanse danswerke, choreograwe en komponiste (sien lys op bl. 8 van hierdie dokument)</li> </ul>	60
---	--	----

[Uittreksel uit die *Dansstudies-KABV*, bl. 42]

Vrae moet substansieel wees (dit wil sê, genoeg om die lyf hê) en kan geïntegreerde onderwerpe insluit, bv. die kombineer van 'funksies van dans in die samelewing' met 'loopbane' of 'gemeenskapsprojekte'.

## 5. INHOUD VAN DIE TEORIEVRAESTEL

### 5.1 Dansgenres

Leerders moet in staat wees om ten minste twee dansgenres met betrekking tot hulle eienskappe/kenmerke, beginsels en style identifiseer en vergelyk. Vir leerders wat 'n nie-Afrika-dans as hoofdansvorm neem, moet een van hierdie dansgenres Afrika-dans wees. Vir leerders wat Afrika-dans as hoofdansvorm neem, moet een van hierdie dansgenres kruiskulturele dans wees. Hulle moet die onderliggende bewegingsbeginsels van hulle eie dansvorm deeglik begryp. Hulle moet ook bekend wees met die dansterminologie van beide dansgenres wat bestudeer is.

### 5.2 Dansgeskiedenis

Leerders dek die evolusie en ontwikkeling van hulle hoofdansvorm in graad 10. Hulle moet hierdie afdeling weer in graad 12 bestudeer.

### 5.3 Dansgeletterdheid: Kies van Voorgeskrewe Werke

Om kultureel regverdig te wees, is die Dansstudies-kurrikulum ontwerp om 'n wye verskeidenheid dansvorms en -style te akkommodeer. Die KABV-dokument identifiseer 'n konseplys met 'n wye verskeidenheid Suid-Afrikaanse en internasionale danswerke deur bekende choreograwe (sien bl. 43). 'n Aantal van hierdie danswerke is nie meer beskikbaar om te bestudeer nie en die lys moet van tyd tot tyd bygewerk word om nuwe werke in te sluit.

In graad 10, 11 en 12 moet leerders aan ten minste TWEE danswerke blootgestel word, EEN Suid-Afrikaanse en EEN internasionale werk elke jaar. In totaal moet SES choreograwe en hulle werke in die drie jaar van VOO ('FET') gedek word. Dit beteken dus dat leerders 'n keuse het tussen enige van die SES wat hulle bestudeer het en nie net die TWEE wat in graad 12 bestudeer is nie. **Ten minste TWEE van daardie ses werke moet in graad 12 deeglik bestudeer word.**

Afhangend van die beskikbaarheid van bronne, word geskikte voorgeskrewe werke vir 'n driejaar-tydperk deur die nasionale eksamenpaneel, saam met die Umalusi-moderator, geïdentifiseer en aanbeveel. Hierdie aanbevole werke word in die Eksamenriglyne deur die Eksamendirektorat van die Departement van Basiese Onderwys aan provinsies, distrikte en skole wat Dansstudies aanbied, gekommunikeer. Dit sal dit moontlik maak om diep en spesifieke vrae, gebaseer op spesifieke danswerke, saam te stel. Dit sal ook onderwysers en leerders aan nuwe werke blootstel.

Vraestelle sal leerders 'n keuse bied om oor die geïdentifiseerde danswerke hieronder te skryf of oor ouer voorgeskrewe danswerke.

Vir 2016–2018 word die volgende danswerke vir studie in graad 12 aanbeveel:

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE	DANSWERKE	INTERNASIONALE CHOREOGRAWE	DANSWERKE
Gregory Maqoma	<i>Four Seasons</i>	Jiri Kylian	<i>Stamping Ground</i>
Alfred Hinkel	<i>I am Cinnamon</i>	Christopher Bruce	<i>Ghost Dances</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>	Petipa	<i>Swan Lake</i>
		Corrali	<i>Giselle</i>

Leerdere moet opvoerings van die danswerke bywoon of dit op video/DVD kyk om hulle dansgeletterdheid te ontwikkel. Dit is onmoontlik om 'n danswerke te waardeer sonder dat dit gesien is. Hulle moet die werke 'n aantal kere kyk om dit deeglik te kan ontleed. Hulle moet in staat wees om simboliek in die danswerke te herken en uit te vind hoe die choreograaf beweging en produksie-elemente gebruik het om die dans betekenis te gee.

Onderwysers moet leerders baie geleentheid gee om te lees en te skryf sodat hulle geletterdheidsvlakke kan verbeter. Leerdere moet aangemoedig word om hulle eie navorsing in boeke, vaktyskrifte en op die Internet te doen eerder as om slegs op handboeke en studiegids te steun. Leerdere moet oefen om duidelik, samehangend en in diepte te skryf. Hulle moet relevante inligting kan kies en menings gee wat hulle antwoorde motiveer/regverdig. Leerdere moet geleentheid kry om hulle kennis in oorspronklike take toe te pas, bv.:

- Skryf 'n resensie
- Ontwerp programnotas
- Berei 'n onderhoud voor
- Berei 'n aanbieding voor
- Skryf 'n artikel vir 'n tydskrif/koerant
- Beplan 'n opvoering

#### 5.4 Inheemse Dans vir nie-Afrika-hoofdansvorme

Leerdere doen navorsing en leer om inheemse danse vir hulle PAT'e in graad 10 en 11 op te voer. Hierdie onderwerp is ook by die teorie-eksamen in graad 10, 11 en 12 ingesluit.

In graad 12 is inheemse dans by die teorie geïntegreer deur middel van kwessies wat met simboliek te make het, die gebruik van kulturele dans as nabootsing versus inspirasie en deur vergelykings van dansvorme.

Leerdere met Afrika-dans as hoofdansvorm, wat 'n ander 'kruiskulturele' dansgenre vir hulle PAT bestudeer, moet steeds die teorie van een of meer inheemse Afrika seremoniële danse vir die teorie-eksamen bestudeer.

Vir 2016–2018 moet die agtergrond van TEN MINSTE EEN van die volgende inheemse Afrika-danse bestudeer word ter voorbereiding van die teorie-eksamen:

Domba	San-beswymingsdans ('Trance Dance')	Umzansi	Riet-dans ('Reed Dance')	Indlamu	umTshotsho
-------	-------------------------------------	---------	--------------------------	---------	------------



## 5.5 Loopbane

Hierdie afdeling moet prakties wees om leerders te help om hulle toekoms te beplan. Leerders moet betrokke wees by dans-verwante werk as voorbereiding vir hulle choreografie- of groepdansopvoerings. Hulle moet projekte kry waar hulle navorsing doen oor dans-verwante loopbane met betrekking tot die soort werk, die vermoëns vereis en die opleiding en kwalifikasies benodig. Hulle moet ook die loopbaan kan definieer. Leerders moet navors oor waar opleiding vir verskillende loopbane beskikbaar is en hoe om befondsing vir tersiêre opleiding te bekom.

## 5.6 Beplanning van 'n Gemeenskapsdansprojek

Graad 12's moet werklike ondervinding hê van die beplanning van 'n gepaste dans-verwante projek in hulle gemeenskappe. Alhoewel dit 'n baie kreatiewe oefening moet wees, moet leerders **realisties** wees. Daar word van hulle verwag om 'n mate van kennis en begrip te hê van wat benodig word om 'n dansprojek te bestuur wat vir hulle gemeenskap van waarde sal wees en hulle ook sal ophef.

## 5.7 Funksies en Waarde van Dans in die Samelewing

Leerders moet besin oor waarom hulle dans en waarom ander dans. Hulle moet in staat wees om die maatskaplike-, kulturele-, fisiese-, emosionele-, politieke en ekonomiese funksies en waardes van dans te identifiseer en te bespreek en ook om dans as kuns aan te beveel.

## 5.8 Improvisasie, Komposisie/Choreografie

Leerders moet oor hulle ervarings in improvisasie en komposisie kan besin. Hulle moet vrae oor die danselemente tyd, ruimte en krag kan beantwoord. Hulle moet choreografiese struktuur en benaderings kan bespreek. Hulle moet die woordeskat hê om oor hulle choreografieë te kan praat, soos lokomotors, motiewe (grondidees), frases, canon, eenheidsbeweging (beweeg saam), ens. Hulle moet ook in staat wees om oor produksie-elemente soos kostuums, stelle, rekwisiete, beligting, musiekkeuse, verhoogskikking, ens. te kan skryf. Hulle moet kan evalueer hoe produksie-elemente in simboliek gebruik word.

## 5.9 Produksie

Leerders moet die organisering, beplanning en bemerking van hulle eie openbare dansopvoerings ervaar. Hulle moet oor die prosesse, die rolle en die verantwoordelikhede betrokke kan skryf.

## 5.10 Veilige Danspraktyk en Gesondheidsorg

Die anatomie-afdeling van die werk moet relevant wees en konsekwent in die dansklas toegepas word sodat die leerders 'n breë begrip van die belangrikheid daarvan het. Leerders moet anatomiese terme toepas en anatomiese werking in die dansklas verstaan. Hulle moet in staat wees om gesondheidsorginligting in oorspronklike danssituasies/-omgewings toe te pas.

Die inhoud van hierdie afdeling ontwikkel van graad 10 tot graad 12 oor soortgelyke onderwerpe wat die leerders se kennis elke jaar versterk. Leerders moet 'n duidelike begrip van die doelstellings, beginsels en prosesse vir **opwarming** en **afkoel** kan oordra. Hulle moet die beginsels en **veilige gebruik** van **postuur**, **kernstabiliteit** en **liggaamslyn** ken. Hulle moet 'n basiese kennis van die **skelet** en **gewrigte** hê. Die **spiergroepe** en **werking** is **opsioneel**. Onderwysers moet probeer om hierdie afdeling vir verryking te behandel, maar as hulle met tyd en kurrikulumoorlading sukkel, kan hulle dit uitlaat. Hierdie afdeling sal altyd deel wees van 'n vraag wat keuses bevat.

Leerders moet weet hoe om na hulle liggame as hulle instrumente om te sien, d.i. die **fiksheidskomponente** verstaan en toepas en weet hoe om hulle **voete te versorg**. Hulle moet algemene **dansbeserings**, die oorsake, voorkoming en behandeling daarvan navors. Hulle moet ook kennis dra van **lewenstylkeuses**, **voeding**, **stereotipering** en **geestesgesondheidskwessies**.

## 5.11 Musiek

Aangesien dans en musiek so nou verwant is, is dit baie belangrik dat leerders 'n basiese kennis en begrip van musiek en die verwantskap daarvan met dans sal hê. Om oorlading te verminder, is die musiekafdeling in al drie onderwerpe vasgelê. In hulle tegniekklassie en tydens improvisasie sal leerders verskillende **musiekgenres** en -ritmes bestudeer. Hulle sal leer hoe om tydens hulle choreografie met musiek te werk en 'n basiese begrip van **motiewe**, **frasering** en **instrumente** hê. In dansgeletterdheid sal hulle oor komponiste en musikante leer en hoe hulle tot die danskomposisies bydra.

**Musiekelemente** wat bestudeer moet word, sluit die volgende in:

- Ritme
- Tempo
- Dinamiek
- Tydsduur
- Pas

**Instrumentklassifikasies** sluit die volgende in:

- Chordofoon, ideofoon, membranofoon, aërofoon
- Strykinstrumente, koperblaasinstrumente, blaasinstrumente, slaginstrumente/slagwerk, elektroniese instrumente

## 6. KONSOLIDASIE EN HERSIENING

Kurrikulumdekking van die teorie-onderwerpe moet teen Julie/Augustus voltooi wees om tyd te laat vir konsolidasie. *Bo en behalwe die graad 12-inhoud* word daar van kandidate verwag om kennis en begrip van die graad 10- en graad 11-inhoud te hê. Onderwysers moet leerders help om graad 10-, 11- en 12-teorie te hersien.

Leerders moet aangemoedig word om te oefen om vorige eksamenvraestelle te beantwoord. Hierdie vraestelle is op die WKED-webtuiste: <http://wced.school.za/documents/Matrix2012> en op die nasionale Departement van Basiese Onderwys se Thuthong-webtuiste: [www.thuthong.doe.gov.za/supportformatrix](http://www.thuthong.doe.gov.za/supportformatrix) beskikbaar. Leerders moet hulle antwoorde met die nasienmemorandum (ook op die webtuistes beskikbaar) vergelyk, om te sien wat van hulle verwag word.

Gee geleentheid vir bespreking sodat leerders hulle woordeskat kan ontwikkel. Leerders moet elke dag lees en skryf om hulle skryfvaardighede te verbeter. Gee hulle kortvrae of onderwerpe om vir huiswerk in hulle werkboeke te voltooi. Onderwysers moet spel- en taalfoute in opstelle, huiswerk, projekte en toetse regmaak. Alhoewel punte nie vir spel- en taalfoute afgetrek word nie, kan leerders nie volpunte verdien vir 'n antwoord waarin sulke foute voorkom nie.

Werk wat in die PAT'e gedek word, het dikwels 'n groot invloed op die leerders se vermoë om sekere vrae in die vraestel bevredigend te beantwoord, bv. Inheemse Dans, Choreografie.

## 7. WENKE OM JOU VRAESTELLE OP TE STEL

- Begin altyd deur jousef af te vra wat die noodsaaklike terreine is wat op hierdie vlak gedek moet word.
- Vrae moet wesenlik wees en kan geïntegreerde onderwerpe insluit, bv. kombineer 'funksies van dans in die samelewing' met 'loopbane' of 'gemeenskapsprojekte'.
- Moet NIE vaag wees nie. Leerders moet presies weet wat van hulle verwag word.
- Soos wat jy 'n vraag stel, werk die antwoord/memo dadelik uit.
- Dikwels lyk dit na 'n goeie vraag totdat jy dit probeer beantwoord. Beantwoord jou eie vraestelle (sonder 'n memo of handboek) om seker te maak dat die vrae duidelik is en leerder-vriendelike taal insluit en dat dit moontlik is om die vraestel in die gegewe tyd te beantwoord. Dis 'n baie waardevolle oefening.
- Jy moet 'n memo vir elke toets en eksamenvraestel hê. Vertalings moet deeglik nagegaan word. Kontroleer of beide weergawes dieselfde ding sê en vra.
- Die eksamenvraestel moet keusevrae bevat. Byvoorbeeld in graad 11 is die afdeling oor die hoofspiergroepe en hulle anatomiese werking opsionele inhoud (sien die graad 11-kolom in die KABV-dokument op bl. 13).
- Jou vraestel moet deur jou departementshoof of die vakadviseur gemodereer word.
- Stel jou eksamenvraestelle vooruit op, verkieslik aan die begin van die kwartaal aangesien dit jou onderrig sal rig/lei en verseker dat jy die kurrikulum vir die kwartaal sal dek.
- Maak seker dat dieselfde afdeling van die werk nie in ander vrae/afdelings herhaal word nie.
- Wees realisties oor punttoekenning.
- Maak seker jy gebruik taal wat vir jou leerders toeganklik is.
- Kontroleer dat daar genoeg inligting vir leerders beskikbaar is vir die punttoekenning gegee.
- Jou memorandum moet ontvanklik vir diverse/n verskeidenheid antwoorde wees.
- Vermy die toeken van punte vir oppervlakkige antwoorde wat nie die werklike vraag beantwoord nie.
- Maak gedetailleerde notas op jou memorandum wanneer jy nasien om as terugvoer aan leerders te gebruik en ook vir jousef om jou vraestelle in die toekoms te verbeter.
- Wanneer prentjies/visuele beelde gebruik word, maak seker dis duidelik wanneer dit gereproduseer word.
- Kontroleer al die spelling en taal in jou vraestel. Jy moet 'n voorbeeld stel.
- Begin jou eie eksamenbank met vrae gekry by medeonderwysers en uit Internet-soektogte.
- Dit is baie kreatief om eksamenvraestelle op te stel, maar dit vat baie lank. Werk saam jou kollegas en deel die las.
- Maak seker jy gaan die antwoorde saam jou leerders deur, nadat jy dit nagesien het.

## 8. ALGEMENE RIGLYNE VIR NASIEN

- Die nasienmemorandum moet gedetailleerde ondersteuning aan nasieners verskaf.
- Onderwysers moet die modelnasienmemorandum aandagtig deurlees om te verstaan watter standaard antwoorde verwag word asook om hulle vertrouwd te maak met die soort nasienrubrieke wat gebruik word.
- Die nasienmemorandum moet omvattend/volledig en duidelik wees.
- sien eerder vraag per vraag na as die hele vraestel om 'n standaard te kry.
- Kandidate verbeur een of twee punte as hulle nie in die vereiste formaat geskryf het nie, bv. brief/resensie/opstel/mediaverklaring, ens.
- Leerders word nie vir spelfoute gepenaliseer nie tensy die woorde onleesbaar is.
- Volpunte kan nie vir 'n antwoord toegeken word wat die inligting bevat maar swak geskryf is met talle spel- en taalfoute nie.
- Kandidate mag nie volpunte kry as hulle nie al die onderafdelings van 'n vraag beantwoord het nie.
- As 'n leerder 'n antwoord verkeerd nommer, maar die inligting is korrek, moet hy/sy net met 10% gepenaliseer word.

- Nasieners moet die verwagte kognitiewe vlakke nagaan voordat elke afdeling van elke vraag nagesien word. Volpunte moet nie vir lae-vlak-antwoorde op hoë-vlak-vrae toegeken word nie.
- Indien een antwoord vereis word, maar twee deur die kandidaat gegee word, moet slegs die eerste een nagesien word, ongeag watter een korrek is.
- Nasieners moet eerder positief as negatief nasien, d.i. punte word vir korrekte inligting gegee en nie afgetrek as verkeerde inligting ook gegee word nie.
- Nasieners moet die punttoekenning vir elke deel van elke vraag nagaan. Indien 'n vraag 10 punte werd is, soek 10 hoofpunte. Een feit is nie altyd gelyk aan een punt nie. Ken punte toe gebaseer op die gehalte van die antwoord. Vermoed die gebruik van halfpunte behalwe as die nasienmemorandum die gebruik van halfpunte spesifiseer. Let daarop dat kandidate dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee het. Evalueer die hele antwoord om te bepaal wat die kandidaat weet en ken punte daarvolgens toe.
- Kandidate moet oor 'n dansvorm wat hulle op skool geleer het, antwoord.
- Die dansvorm moet op die aanbevole dansvormlys wees, volgens die beleidsdokument.
- Die nasienmemorandum moet verduidelik watter kognitiewe vlak in elke aspek van elke vraag behandel is, bv.

FOKUS VAN VRAAG + <i>kognitiewevlak-beskrywers</i>	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Veilige danspraktyke						
1.1 Opwarm (kennis + begrip)	√	√	√	4		
1.2 Dansbeserings (ontleding)	√	√	√		6	

## 9. VOORBEREIDING VAN LEERDERS VIR DIE EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMEN

### 9.1 Interne Toetse en Eksamens

Die voorbereidende eksamen in kwartaal 3 moet 'n repetisie vir die finale praktiese eksamen wees en al die komponente insluit, d.i.:

- Leerders moet in groepe van 4/5 geassesseer word asof in 'n skyn- ('mock') finale eksamen
- 'n Onderwyser van buite/Portuuronderwyser kan hierdie eksamen bywoon om met leerdervoorbereiding te help
- 30-minuut-tegniekklas
- 2-minuut-solo
- Improvisasie

Die finale praktiese eksamen moet tussen laat Augustus en Oktober plaasvind na gelang van die getal kandidate. Die graad 12 finale praktiese eksamen word intern opgestel volgens die riglyne hieronder en word ekstern nagesien en gemodereer.

### 9.2 Voorbereiding vir die Praktiese Eksamen

#### 9.2.1 Klaswerk

Leerders moet gedurende die jaar ten minste twee of meer keer per week 'n **volledige** tegniekklas in hulle hoofdansvorm kry. Die tegniek en styl van die hoofdansvorm moet as 'n **volledige** tegniekklas gedurende die interne eksamen in Junie geëksamineer word.

Die 30-minuut-klaswerk vir die eksterne eksamen moet 'n samevatting wees van wat in drie jaar geleer is. Die klaswerk moet die leerder se tegniese vermoë toon asook die vlak van kompleksiteit wat hy/sy bemeester het. Dit behoort dus oefeninge in te sluit:

- Wat beginsels van goeie liggaamsgebruik soos postuur/houding, liggaamslyn, veilige landings na spronge, ens. toon
- Wat fiksheidskomponente, krag, soepelheid, kernstabiliteit, uithouvermoë en neuromuskulêre vaardighede in die drie jaar ontwikkel het
- Die beginsels van die dansvorm toon
- Die vlak van kompleksiteit wat in die tegniek en opvoervaardighede bereik is, toon

Die klaswerk moet genoegsame herhaling bevat om die eksaminatore die geleentheid te gun om die vermoë van elke leerder in die groep te evalueer.

### **Wenke vir die Opstel van 'n Eksamenklas**

Die volgende moet in ag geneem word wanneer jy 'n eksamenklas vir assessering opstel:

- Die standaard van die klas moet sodanig wees dat dit die leerders in staat stel om al die vaardighede en kennis wat hulle in die 1ste en 2de kwartaal aangeleer het op hulle vaardigheidsvlak aan te bied, bv. die eksamenklas moet die swakker leerders in staat stel om by te hou, maar steeds die sterker leerders se fisieke vaardighede en vermoëns uitdaag.
- Begin met opwarming wat geskik is vir die dansstyl wat jy onderrig wat nie te ingewikkeld is nie. Dit sal die leerders in staat stel om hulle gedagtes te fokus en hulle liggame in 'n staat van gereedheid te kry.
- Stel 'n kreatiewe klas op met 'n dinamiekverskeidenheid wat die leerders in staat stel om 'n verpersoonlikte styl aan te bied en hulle spesifieke sterk punte na vore te bring, MAAR moenie te veel oefeninge in een gechoreografeerde sekvens kombineer nie. Die oefening moet voldoende herhaling insluit om die leerders in staat te stel om liggaamsgeheue te skep/op te bou.
- Sluit oefeninge in wat alle aspekte oefen, bv. arms, bene, bolyf, kondisioneringsoefeninge vir die liggaam, vloeroefeninge, sentreringsoefeninge en eenvoudige kombinasies wat oor die vloer beweeg.
- Maak seker dat die oefeninge aan beide kante van die liggaam uitgevoer word.
- Gebruik interessante en verskillende musiekgenres wat die leerders sal inspireer.
- Maak seker dat die leerders goed versorg en gepas geklee is, en leer hulle om die eksamenklas op gepaste wyse binne te kom en te verlaat.
- Eksamineer jou leerders in groepe van 4 of 5 wat hulle sal help om vir die finale praktiese eksamen voor te berei. Indien moontlik, bring 'n portuuronderwyser in sodat die leerders aan 'n meer formele eksamenproses gewoond kan raak.

### **9.2.2 Die Solo**

- Die solodans van 1–2 minute moet deur die onderwyser of 'n gas-choreograaf gechoreografeer word, of dit kan 'n uittreksel uit 'n professionele werk wees.
- Die solodans moet in die hoofdansvorm wees.
- Teen graad 12 moet leerders alreeds 'n hoë vlak van kompleksiteit in hulle danswoordeskat bereik het. Die solodans moet die vlak van kompleksiteit toon wat die leerder bereik het. Dit moet nie te maklik of te moeilik te wees nie en moet die leerder se talent of prestasies vertoon.
- Elke leerder moet die solodans verpersoonlik en sy/haar eie unieke uitdrukking en vertolking daarvan gee.

### Wenke vir die Opstel van die Solo

- Jy kan verskillende leerders verskillende solodanse leer, na gelang van hulle vermoëns en voorkeure, of jy kan dieselfde solodans vir die hele klas leer.
- Jy kan ook die leerders een solodans leer, maar hulle toelaat om die musiek te kies waarop hulle wil dans. Elke leerder sal 'n ander manier van beweging en vertolking verkies. Dit sal ruimte laat vir vinnige, matige, stadige of dramatiese vertolkings van die solodans.
- Jou leerders moet van die volgende in die solodans bewus wees:
  - Die styl
  - Tegniek wat op die hoogste moontlike vlak uitgevoer word
  - Verpersoonliking van die dans – begin, middel en einde
  - Die spesifieke bewegings
  - Musikaliteit
  - Gebruik van ruimte – rigtings, vlakke, ens.
  - Dinamiek – lig en skadu
  - Fokus, projeksie en opvoering
- Teen die 3de kwartaal behoort elke leerder die dans te verpersoonlik het.
- Vir hoë presteerders kan jy of hulle tot die solodans toevoeg en meer komplekse tegnieke en passies inkorporeer.

### 9.2.3 Die Improvisasie

Die improvisasie-afdeling is uiters belangrik in die eksamen aangesien dit 'n geleentheid is om die hoogste kognitiewe vlak (kreatiewe denke, besluitneming, probleemoplossing) te toon en insig bied in die kandidaat se bemeestering van sy/haar liggaam, spontaneïteit en dansvloeiendheid.

Indien leerders voortdurend in graad 10–12 geïmproviseer het, behoort hierdie afdeling hulle hoë punte te besorg. Onderwysers moet leerders voorberei deur hulle baie geleentheid te bied om in 'n veilige en gestruktureerde omgewing te improviseer deur idees, rekwisiete en alle tipes musiek te gebruik.

**Leerders hoef nie in hulle hoofdansvorm te improviseer nie.** Hulle kan enige of 'n kombinasie van dansstyle gebruik. Die idee is om improvisasie te gebruik om unieke en nuwe bewegings te skep. Eksaminatore sal op vryheid van beweging, gehalte van beweging, verbeelding, selfvertroue en musikaliteit let.

In die graad 12 finale eksamen kan leerders kies om alleen of in 'n duet, trio of groep te improviseer. Indien 'n leerder alleen improviseer, moet dit ongeveer EEN minuut lank wees. Indien leerders saam met ander improviseer, moet die improvisasie ongeveer TWEE minute lank wees sodat eksaminatore al die kandidate kan waar te neem.

Leerders sal op die dag van die eksamen 'n keuse van stimuli gegee word. Dit kan prente, rekwisiete, gedigte, teks of woorde wees en hulle sal musiek kry wat saam die onderwerp gekies, gaan. Eksaminatore kan kies of hulle vir die leerders 'n stukkie van die musiek vooraf wil speel, of nie. Onderwysers moet leerders die geleentheid gee om op hierdie manier te improviseer. Onderwysers en eksaminatore moet 'n wye verskeidenheid musiek op CD/iPod beskikbaar hê.

### Wenke vir die Opstel van die Improvisasietaak

- Gee die leerders 'n stimulus, bv. 'n woord/frase/gedig/rekwisiet.
- Moedig hulle aan om spontaan en waagmoedig te wees, om bekende passies te vermy, om 'n duidelike begin, middel en einde te hê.
- Gebruik 'n wye verskeidenheid musiek en moedig hulle aan om op die spoed, atmosfeer en ritme van die musiek te reageer, eerder as om op die musiek te probeer dans.

## 10. ADMINISTRASIE VAN DIE FINALE EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMEN EN SIGMODERERING

Provinsies sal 'n eksterne eksamenpaneel aanstel wat die volgende insluit:

1. Provinsiale interne moderator
2. Provinsiale hoofeksaminator
3. Mede-eksaminator(s)

Die paneel kan vir verskillende skole verskil om te verseker dat minstens een kundige in die betrokke dansvorm ingesluit word. Die provinsies sal al die reëlings tref. Dit sluit in kommunikasie met die onderwysers en skole, reël van lokale, die tye, die eksamenpaneel en enigiets anders wat in die bestuur van die praktiese NSS-eksamens vir graad 12 gedoen moet word.

Voor die aanvang van die finale praktiese eksamen sal die provinsiale interne moderator die provinsiale eksaminatore ontmoet om hulle oor eksamenkwessies te oriënteer en om die improvisasieaksie te finaliseer. Die provinsiale interne moderator sal sommige van eksamenlokale tydens die eksamen besoek om gehalteversekering van die eksamenproses te verseker.

Daar word van die onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van die praktiese komponent wat geëksamineer word, verwag om saam die eksaminatore teenwoordig te wees om hulle kandidate te fasiliteer en te eksamineer. Hulle moet hulle praktiese jaarpunte vir moderering voorlê.

Let daarop dat die provinsiale hoofeksaminator die finale besluit oor die assesseringspunt neem.

Sien BYLAE B vir riglyne oor prestasievlakke vir normbepaling.

### Tydsbepaling van die Eksterne Eksamen

EKSTERNE EKSAMEN-ITEMS	KOMPONENT	BENADERDE TYD: POUSES EN NASIEN INGESLUIT	PUNTE
Klaswerk	30-minuut-klas per groep van 4/5	55 minute	50
Solo	4 leerders x 2 minute elk	15–20 minute	30
Improvisasie	1 minuut per leerder of 2 minute per groep	10 minute	20
	Nasientyd	15 minute	
<b>TOTAAL</b>		Ongeveer een uur 15–20 minute per groep	<b>100</b>

## 11. SLOT

Hierdie eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

**BYLAE A: GRAAD 12 PRAKTIESE EKSAMENINSTRUMENT**

NAAM VAN SKOOL: DATUM: GROEPNOMMER: MODERATOR/EKSAMINATOR:	Kandidaat	1	2	3	4	5
<b>Vaste tegniekklas</b>						
Veilige gebruik van liggaam (postuur, liggaamslyn, landings)	5					
Fiksheid (soepelheid, krag, stamina)	5					
Koördinasie, beheer, presisie, akkuraatheid, duidelikheid, aandag aan detail	5					
Vlak van kompleksiteit (bv. balansering, vinnige verandering van rigting of vlak, kontras, gevorderde danswoordeskat)	10					
Bewegingsgehalte (oorgange, vloeiendheid, dinamiek, konsekwentheid/egaligheid)	5					
Musikaliteit en reproduksie van ritmes	5					
Beginsels en styl van die dansvorm	5					
Aanbieding (selfvertroue, uitdrukking, energie, fokus, teenwoordigheid, projeksie, versorging, eksamenetiket)	5					
Algehele indruk	5					
<b>Subtotaal</b>	<b>50</b>					
<b>Solo</b>						
Vlak van kompleksiteit (bv. balansering, vinnige verandering van rigting of vlak, gevorderde danswoordeskat, akkuraatheid, aandag aan detail)	5					
Beginsels van die dansvorm, genre-styl en eie unieke styl	5					
Bewegingsgehalte (oorgange, vloeibaarheid, toegewydheid, energie, dinamiek)	5					
Begin en einde/afsluiting en verpersoonliking van dans	5					
Musikaliteit en wisselende dinamiek	5					
Opvoering/Optrede (uitdrukking, vertolking, selfvertroue, fokus)	5					
<b>Subtotaal</b>	<b>30</b>					
<b>Improvisasie</b>						
Struktuur: begin, einde/afsluiting	2					
Kreatiewe gebruik van ruimte en verhoudings	3					
Interpreteer stimulus	3					
Verbeelding, kreatiwiteit, innovasie, neem risiko's	5					
Toegewyd, energiek, gefokus, selfvertroue	5					
Reaksie op musiek	2					
<b>Subtotaal</b>	<b>20</b>					
<b>Eksterne Eksamen Totaal</b>	<b>100</b>					
<b>2<sup>de</sup> eksaminator</b>	<b>100</b>					
<b>3<sup>de</sup> eksaminator</b>	<b>100</b>					
<b>FINALE PUNT</b>	<b>100</b>					

Gebruik saam met die vlakbeskrywers in BYLAE B op volgende bladsy.



**BYLAE B: PRESTASIEVLAKBESKRYWERS**

<b>VLAK 7: UITSTAANDE</b>	
<b>95–100%</b>	<b>Gevorderde begrip en bemeestering van tegniek</b> , opvoer en vertolking van bewegings. Bo en verder gevorderd as skoolvereistes. Die leerder beskik oor gevorderde ondervinding van dansopvoerings en 'n hoogs ontwikkelde bewegingsomvang en vermoë.
<b>90–94%</b>	<b>Gevorderde begrip en bemeestering van tegniek.</b> Gehalte van opvoering/optrede uitstekend. Alle aspekte van die werk hoogs aantreklik. 'n Wye bewegingsomvang deurgaans gevestig en getoon.
<b>85–89%</b>	<b>Tegniek deurgaans goed gevestig.</b> Opvoer en vertolking van bewegings sinvol gedoen en toon begrip van die bedoeling van die dans. Toon spesiale opvoergehalte en 'n wye bewegingsomvang. Baie selfvertroue en goed voorberei in alle aspekte van die eksamen met aandag aan besonderhede.
<b>80–84%</b>	<b>Tegniek gevestig en begryp.</b> Opvoer en vertolking van bewegings sinvol getoon met begrip van die bedoeling van die dans. Toon deurgaans opvoergehalte en 'n goeie bewegingsomvang. Het baie hard gewerk om hierdie vlak op skool te bereik. Goed voorberei in alle aspekte van die eksamen met aandag aan besonderhede.
<b>VLAK 6: VERDIENSTELIK</b>	
<b>75–79%</b>	<b>Gevestigde tegniek</b> – die leerder het duidelik hard gewerk om dit te bereik. Dans met selfvertroue en fokus. Doen die beste wat hy/sy met sy/haar fisieke beperkings kan doen en toon bewegingsomvang. Toon vermoë. Alle aspekte van die eksamen is goed hanteer. Aandag aan detail.
<b>70–74%</b>	<b>Tegniek toon begrip.</b> Dans met selfvertroue. Leerder het na die beste van sy/haar vermoë gewerk en toon bewegingsomvang. Moeite gedoen om alle aspekte van die eksamen aan te bied.
<b>VLAK 5: BEDUIDENDE VERMOË</b>	
<b>65–69%</b>	<b>Tegniek op sommige plekke gevestig.</b> Leerder ken die werk en bied dit sonder foute aan – dans met selfvertroue en gevestigde opvoervermoëns word op sommige plekke getoon. Toon bewegingsomvang, maar is plek-plek beperk.
<b>60–64%</b>	<b>Tegniek op basiese vlak gevestig.</b> Dans met selfvertroue en sonder foute. Beperkte bewegingsomvang. Doen moeite en fokus in al die werk.
<b>VLAK 4: BEVREDIGEND</b>	
<b>55–59%</b>	<b>Tegniek op basiese vlak gevestig.</b> Plek-plek uitgevoer. 'n Mate van bewegingsomvang en moeite getoon.
<b>50–54%</b>	<b>Tegniek nie altyd duidelik nie.</b> Opvoering toon plek-plek selfvertroue. Beperkte bewegingsomvang, maar toon dat moeite gedoen is.
<b>VLAK 3: MIDDELMATIG</b>	
<b>45–49%</b>	<b>Tegniek en opvoering is minimaal, maar toon plek-plek 'n mate van selfvertroue.</b> Leerder dans met 'n redelike mate van sekerheid. Beperkte bewegingsomvang en moeite is getoon.
<b>40–44%</b>	<b>Tegniek is swak en opvoering is minimaal, maar die leerder ken die werk.</b> Toon plek-plek beperkte bewegingsomvang en moeite.
<b>VLAK 2: ELEMENTÊR</b>	
<b>35–39%</b>	<b>Tegniek en opvoering ontbreek.</b> Die leerder ken die werk, maar tree met min selfvertroue en inkonsekwente moeite op. Beperkte bewegingsomvang.
<b>30–34%</b>	<b>Geen bewys van tegniek of opvoering nie.</b> Leerder ken die meeste van die werk. Geen bewegingsomvang nie, beperk in alle dansaspekte. Minimale moeite getoon.
<b>VLAK 1: NIE BEHAAL NIE</b>	
<b>20–29%</b>	<b>Leerder is nie vertrou met die werk nie</b> en alle elemente van die eksamen toon 'n gebrek aan voorbereiding. Tegniek nie deurgaans gevestig nie; gebrek aan vermoë om op te tree en geen bewegingsomvang nie.
<b>1–19%</b>	<b>Geen bewys van drie jaar se voorbereiding nie.</b> Die leerder ken deurgaans nie die werk nie. Klaswerk/Solodans en improvisasievaardighede is minimaal. Hoegenaamd geen begrip van dansbeginsels nie. Geen selfvertroue en geen vermoë om op te tree getoon nie.

**BYLAE C: SPESIFIEKE VEREISTES VIR DIE PRAKTIESE EKSAMEN****1. LATYNS-AMERIKAANSE DANSE EN BALDANS AS HOOFDANSVORM**

- In dansegenres soos baldans en Latyns-Amerikaanse danse, waar dansers in pare dans, verwys 'solo' na een paar en 'duet' na twee pare.
- 'Danspare' verwys oor die algemeen na 'n man-vrou-paar, maar dansmaats kan dieselfde geslag wees en as leier en volger onderskei word eerder as manlik en vroulik. Kandidate kan saam met professionele dansers, onderwysers of ander hoogs bedrewe dansers dans.
- 'Groepdans' verwys in hierdie geval na 'formasiedans', waar vier of meer pare saamdans en verskillende formasies vorm, van reguit lyne tot sirkels, V-vorms ensovoorts. Die afwissel van dansmaats en skeidings is alles deel van die dans. Verskillende musiekritmes kan in een opname aaneengeskakel word en die dansers kan dan in dieselfde opvoering van die een dansritme na die ander oorskakel.
- Die solodans kan ook 'n gechoreografeerde dans wees wat die verskillende ritmes gebruik. Die musiek kan opgeneem word deur mate uit verskillende musiekopnames te kies en in een snit te vermeng sodat die danser daarop kan dans, bv. die danspaar kan van 'n samba-ritme na 'n rumba oorskakel en moontlik met 'n jive eindig. Verskillende kombinasies met verskillende ritmes is moontlik. Die inleiding en slot kan vryestylbewegings bevat, maar die hoofdeel van die dansopvoering moet in die hoofdansvorm en die vereiste lengte wees.
- Indien die groepdans slegs een van die dansritmes gebruik, moet hierdie ritme verskil van dié wat in die solodans opgevoer word:
  - In baldans: Indien die solodans 'n wals is, moet die groepdans vinnige jakkalsdraf, stadige jakkalsdraf, tango of Weense wals wees.
  - In Latyns-Amerikaanse danse: Indien die solodans 'n rumba is, moet die groepdans die samba, cha-cha, paso doble of jive wees.
  - Die inleiding en slot kan vryestylbewegings bevat, maar die hoofdeel van die dansopvoering moet in die hoofdansvorm en die vereiste lengte wees.
- Let daarop dat 'solo Latyns' en 'lyndanse' nie in hierdie komponent gebruik kan word nie. Dit kan by die gechoreografeerde klaswerk as basiese oefeninge geïnkorporeer word.

**2. BALLET: EN POINTE-WERK**

Leerders wat klassieke ballet bestudeer, moet slegs aangemoedig word om en pointe te dans indien hulle enkels en voete sterk genoeg is. Om en pointe te dans sal daartoe bydra dat hulle 'n hoër vlak van kompleksiteit bereik en sal nuttig wees indien hulle 'n loopbaan in ballet wil volg of as hulle vir 'n tersiêre balletprogram wil inskryf.

Moet egter nie van leerders wat nog nie lank dans nie en wie se enkels en voete nog nie sterk genoeg is nie, verwag om en pointe te dans nie, aangesien dit gevaarlik is.

**BYLAE D: ONDERWYSER SE VOORBEREIDING VIR FINALE PRAKTIESE EKSAMEN**

<b>LOKAAL/ EKSAMEN- PROSEDURE</b>	<b>VEREISTES</b>	<b>KONTROLE- LYS</b>
<b>Opvoerruimte</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet groot genoeg wees vir dansers om gemaklik te beweeg en moet ook die eksaminatore by tafels akkommodeer.</li> <li>• Spieëls moet bedek word.</li> </ul>	
<b>Temperatuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet goed geventileer wees as dit warm is/warm wees as dit koud is.</li> </ul>	
<b>Vloer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet skoon wees met gladde, gelyke oppervlak om op te tree.</li> </ul>	
<b>Geraas</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet stil en geïsoleerd wees met geen onderbrekings en geluide van buite nie.</li> </ul>	
<b>Toilette/ Aantrekkamers</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet 'n aantrekkamer/toilet vir leerders verskaf en 'n toilet vir eksaminatore wat naby aan eksamenlokaal is.</li> <li>• Moet skoon wees en toiletpapier, handdoek en seep moet beskikbaar wees.</li> </ul>	
<b>Beligting</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die lokaal moet goed verlig wees. As spesiale beligtingseffekte gebruik word, moet daar genoeg lig op die eksaminatore se tafels wees sodat hulle hulle nasieninstrumente kan sien.</li> </ul>	
<b>Klank</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• CD-speler en versterkers moet verskaf word wat die volume wat vir die opvoerruimte vereis word, kan hanteer.</li> <li>• Iemand anders as die onderwyser moet aangewys word om met die musiek vir die eksamen te werk.</li> <li>• Alle musiek moet vooraf nagegaan word om te verseker dat alle CD's speel en geen probleme ontstaan nie.</li> </ul>	
<b>Eksaminatore se benodigdhede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Tafel groot genoeg om by na te sien vir elke eksaminator</li> <li>• 'n Gemaklike stoel</li> <li>• Water en glase op die tafels</li> <li>• Voldoende lig</li> <li>• Alle nasienskedules op eksaminatore se tafels in korrekte volgorde vir nasien</li> <li>• Alle leerders se volle name op nasienskedules ingevul</li> <li>• Voltooide SGA-puntestaats</li> </ul>	
<b>Leerders</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet gereed en opgewarm wees voordat die eksamen begin.</li> <li>• Moet hulle nommers duidelik en stewig vas op die voor- en agterkante van hul leotards vertoon – moet in nommervolgorde van die eksaminatore af staan, van links na regs, d.i. 1/2/3/4. As hulle twee-twee werk, 1 &amp; 2 saam, 3 &amp; 4 saam, ens.</li> <li>• Moet goed versorg in die toepaslike drag vir die hoofdansvorm wees.</li> <li>• Geen juweliersware, hare wat in gesig hang, ens. nie.</li> <li>• Daar word van al leerders verwag om vir die duur van die eksamen by die lokaal te wees.</li> <li>• Daar word van alle leerders verwag om respekvol te wees wanneer ander leerders optree.</li> <li>• Water moet tydens die eksamen vir leerders beskikbaar wees.</li> </ul>	
<b>Verversings/ Kos</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar word van onderwysers verwag om oggend- en middagtee/-koffie te bedien asook middagete vir die eksaminatore as jou eksamentydperk oor 'n hele dag strek of oor die middagetetydperk of deel daarvan. Vind vooraf uit wat die dieetvereistes van die eksaminatore is. Onthou dat eksaminatore vroeg reeds hulle huise verlaat en na baie eksamensessies eers laat terugkeer en jou gasvryheid word waardeer.</li> </ul>	

**BYLAE E: DANSERS MET ERNSTIGE SIEKTES OF BESERINGS**

Die praktiese komponent van Dansstudies is 'n onontbeerlike deel van die vak. Dit tel 50% van die punt vir die finale eksterne eksamen, 50% van die skoolgebaseerde assessering en 75% van die PAT'e. Leerders kan nie die vak slegs op grond van die teorievraestelle slaag nie. Onderwysers moet alle moontlike voorsorg tref om te voorkom dat beserings tydens dansklasse en repetisies voorkom.

Dit gebeur egter soms dat dit vir 'n leerder onmoontlik is om die praktiese komponente in graad 12 te voltooi as gevolg van 'n ernstige siekte of besering. Elke geval sal individueel deur die provinsiale departement geëvalueer word aan die hand van die volgende riglyne:

**Scenario 1**

'n Ernstige besering/siekte verhinder die kandidaat om die finale eksterne praktiese eksamen soos geskeduleer, te dans. Die kandidaat dien 'n onlangse mediese sertifikaat in (nie ouer as 'n week nie) en ontvang 'n *onvolledige punt*. Die kandidaat word dan drie maande na die einde van die finale praktiese eksamen gegun om van sy/haar beserings te herstel en sy/haar praktiese werk af te handel. Dit beteken dat hy/sy nie in Januarie sy/haar matriekuitslag saam met sy/haar maats sal ontvang nie.

Let daarop dat swangerskap nóg 'n siekte nóg 'n besering is. Swanger leerders kan toegelaat word om hulle praktiese eksamen vroeër af te lê indien hulle onderwysers van mening is dat hulle gereed is, of hulle kan die praktiese eksamen uitstel tot ná die bevalling. Hulle sal 'onvolledige'-matriekuitslae kry totdat hulle die eksamen afgelê het.

**Scenario 2**

Die besering word tydens die skooljaar opgedoen en verhinder dat die kandidaat sy/haar PAT'e en interne praktiese eksamen en toetse voltooi. Daar sal dan van hom/haar verwag word om die werk af te handel sodra sy/hy herstel het. 'n Onlangse mediese sertifikaat moet aan die onderwyser voorgelê word.

**Scenario 3**

Indien die leerder vroeg in die skooljaar dermate beseer word dat hy/sy nie binne die toegelate tydperk kan herstel nie, kan hy/sy by die Onderwyshoof en die Kurrikulumdirektoraat aansoek doen vir toestemming om 'n ander vak te neem. 'n Onlangse mediese sertifikaat moet die aansoek vergesel.

**Scenario 4**

Indien 'n ernstige siekte of besering voorkom nadat die leerder reeds die grootste deel van die SGA's en PAT'e voltooi het, en indien die leerder waarskynlik nie betyds gaan herstel om die praktiese eksamen in die graad 12-jaar af te lê nie, kan hy/sy aansoek doen om 'n omvangryke navorsingsprojek in die plek van die finale praktiese eksamen te doen.

In hierdie geval moet die volgende prosedure gevolg word:

- Doen aansoek by die provinsiale Onderwyshoof vir toestemming vir vrystelling, vergesel van 'n motiveringsbrief van die skoolhoof en die ouers en 'n mediese sertifikaat wat nie ouer as 'n week is nie. Die mediese sertifikaat moet stawende bewys lewer, soos X-strale/bloedtoetse.
- Die vrystelling sal die skool in staat stel om 'n video/DVD van die leerder se klas- of openbare optrede gedurende die laaste ses maande van graad 12 voor te lê en om 'n navorsingsprojek skriftelik en mondeling aan te bied in plaas van een of beide van die PAT'e, of in plaas van die finale praktiese eksamen soos hieronder omskryf.
- Die navorsingsaanbieding en -verslag sal deur die eksterne eksaminatore nagesien word.

## Riglyne vir 'n Navorsingsonderwerp

Kandidate moet deeglike navorsing oor 'n dansonderwerp doen. Dit kan op dansgeskiedenis, dansgeletterdheid of dansteorie, anatomie of gesondheidsorg vir dansers gebaseer wees. Daar word van leerders verwag om hulle navorsing mondeling en skriftelik aan te bied. Die skriftelike navorsing moet 'n minimum van 1 500 woorde beslaan en illustrasies insluit.

## Nasienkriteria

- Geskiktheid van die onderwerp
- Beplanning en uitvoer van die navorsing
- Deeglike kennis en begrip van die onderwerp
- Struktuur van die skryfwerk (inleiding tot die onderwerp en motivering, hoofdeel van die navorsing, gevolgtrekking/slot)
- Relevante keuse van inligting
- Visuele aanbieding van inligting
- Mondelinge aanbieding van die navorsing aan die klas/eksamenpaneel
- Logiese en samehangende skryfstyl
- Verwysings

## Riglyne vir Verwysings

- Die verwysings word tussen hakies geplaas aan die einde van die stelling of aanhaling. Die verwysing moet volledig uitgeskryf word wanneer dit die eerste keer gebruik word (sien hieronder); daarna hoef slegs die outeur se van, die jaar en die bladsynommer verstrekk te word, bv. (Adsheed-Lansdale, 1994, bl. 4).
- Volledige verwysing:
  - **Naam** (Van eerste, dan eerste voorletter)
  - **Jaar**
  - **Naam van boek of bron** (gewoonlik onderstreep)
  - **Plek van publikasie** (Londen)
  - **Uitgewer** (Routledge)Volledig uitgeskryf lyk dit so:  
Mazo, J. (1977) Prime Movers: The Makers of Modern Dance in America, New York, Marrow

**Alle kandidate moet 'n sertifikaat van egtheid, onderteken deur beide die onderwyser en leerder, voorlê.**

## **Straf vir plagiaat = 0 punte**

**LET WEL: Die navorsingsprojek is onderworpe aan dieselfde nougesetheid en streng vereistes as die voorbereiding vir 'n praktiese eksamen.** Onderwysers sal verantwoordelik gehou word vir leerders wat nie die praktiese eksamen voltooi sonder oortuigende bewyse van 'n dokter/hospitaal dat die leerder nie in staat is om die eksamen in die betrokke jaar of binne drie maande ná die matriekeksamen af te lê nie. Die datum op die bewys moet nie ouer as een maand voor die matriekeksamen wees nie. Hierdie bewys moet minstens een maand voor die datum van die finale praktiese eksamen aan die provinsiale eksamendepartement vir goedkeuring voorgelê word, behalwe in die geval van 'n ongeluk of noodgeval. Indien daar nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, sal die kandidaat 'n 'onvolledig'-eksamenuitslag ontvang/die onderwyser skuldig wees aan eksamenbedrog. Die navorsingsprojek kan slegs in uitsonderlike omstandighede as 'n opsie oorweeg word, bv. 'n operasie wat liggaamsbeweging beperk/beenfraktuur/geskeurde ligamente, spiere/hospitalisasie as gevolg van 'n ernstige siekte/ernstige geestesiekte wat vereis dat die kandidaat in 'n inrigting opgeneem word, ens. Geringe beserings sal nie as rede aanvaar word nie aangesien die kandidaat 'n versoek kan rig vir 'n uitgestelde eksamendatum in dieselfde jaar of andersins die eksamen binne die eerste drie maande van die volgende jaar kan aflê. *Swangerskap sal onder geen omstandighede as 'n rede om 'n navorsingsprojek te doen, aanvaar word nie.* Onderwysers word aangeraai om die nodige voorsorg te tref wanneer daar vir hierdie toegewing vir hulle leerders aansoek gedoen word.

**BYLAE F: NAVORSINGSPROJEK – ASSESSERINGSINSTRUMENT****Naam:****Nommer van Kandidaat:****Skool:****Datum:**

ITEM	PUNTE	KANDIDAAT
<b>Inhoudsopgawe</b> bladsy <b>Inleiding</b> van die onderwerp, waarom is dit gekies en die oogmerk/doel van die navorsing.	<b>10</b>	
<b>Hoofdeel</b> van die projek toon 'n grondige kennis van die onderwerp, ontleed die materiaal, is duidelik en samehangend geskryf, gee eie menings wat deur die menings van ander/kundiges gestaaf word	<b>20</b>	
<b>Slot:</b> Samevatting van die bevindings	<b>10</b>	
<b>Geskrewe aanbieding:</b> Die projek moet getik en gebind wees of in 'n boekie finaal aangebied word. Die werk is aangebied met die korrekte taalgebruik en spelling in die betrokke taal, met aandag aan formaat, opskrifte, leestekens, spasiëring, ens.	<b>10</b>	
<b>Visuele aanbieding:</b> Illustrasies/Diagramme/Grafieke/Foto's/PowerPoint-aanbiedings/Fisiese demonstrasies/Voorwerpe soos skelette/bene, ens.	<b>15</b>	
<b>Mondelinge aanbieding:</b> Kan die onderwerp met selfvertroue/kennis/betrokkenheid en duidelike voorbereiding van die onderwerp aan 'n gehoor oordra en kommunikeer.	<b>20</b>	
<b>Agtergrondnavorsing:</b> Inligting vir die navorsingprojek moet uit baie verskillende bronne verkry word om die navorsing te ondersteun en te beïnvloed en dan in een samehangende projek finaal aangebied word. Alle verwysingsmateriaal wat vir die navorsing ens. gebruik word, moet by die projek ingesluit word, d.i. Internetbronne, uitgedrukte bladsye/boeke – afskrifte gemaak/illustrasies/artikels ingesluit/uittreksels ('clips') ingesluit/foto's, ens.	<b>15</b>	
<b>Verwysings</b> moet die outeur se van en voorletter, datum, naam van bron (boek/vaktydskrif/tydskrif/koerant/brief/program/webtuiste-adres/ander), bladsynommer, uitgewer, oorsprong (dorp/land) insluit.		
Sertifikaat van egtheid <b>Straf vir plagiaat = 0 punte</b>		
<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>	

**Die eksterne praktiese-eksamen-paneel sal die beseerde leerders se aanbiedings op dieselfde dag as die ander kandidate eksamineer.**

**RUBRIEK: GRAAD 12 DANSSTUDIES-NAVORSINGSPROJEK**

<b>KRITERIA</b>	<b>Beskrywing van identifiseerbare prestasiekenmerke wat die volgende weerspieël:</b>
<b>Uitstaande 90%–100%</b>	<b>Onderwerp volledig bemeester:</b> Duidelike bewys van relevante agtergrondnavorsing wat nougeset en wetenskaplik gedoen is. Die verslag moet uitstekend georganiseer en aangebied word en duidelik geskryf word. Mondelinge aanbieding is uitstekend gedoen en voldoen aan al die nasienkriteria en is selfs beter.
<b>Bedrewe 80%–89%</b>	<b>Hoë vlak van prestasie in die onderwerp:</b> 'n Uitstekende skriftelike verslag en mondelinge aanbieding. Die leerder het 'n gedetailleerde ontleding van die onderwerp aangebied, het hoë-orde-denke getoon en noukeurige navorsing is duidelik in die projek.
<b>Toon begrip 70%–79%</b>	<b>Goed ingelig oor die onderwerp:</b> Sekere aspekte is moontlik oor die hoof gesien, maar daar moet 'n goed-ontwikkelde projek wees wat aandui dat die kandidaat diepgaande ondersoek oor die onderwerp gedoen het. Die verslag moet georganiseer wees en op 'n hoë standaard geskryf wees. Die mondelinge aanbieding is met selfvertroue gedoen.
<b>Gemiddelde prestasie 60%–69%</b>	<b>Kundig oor die onderwerp:</b> Die aanbieding en organisasie van die verslag moet duidelik wees. Daar kan enkele tekens van tekortkominge wees, maar oor die algemeen moet die begrip van die onderwerp deeglik wees. Die mondeling is sonder foute aangebied.
<b>Ontwikkel 'n begrip 50%–59%</b>	<b>Is redelik vertrou met die onderwerp:</b> Die aanbieding en organisasie van die verslag moet redelik duidelik wees. Daar is tekens van tekortkominge, maar oor die algemeen moet die begrip van die onderwerp op sekere plekke deeglik wees. Die mondelinge aanbieding is gedoen.
<b>Toon 'n mate van begrip 40%–49%</b>	<b>Basiese begrip van die onderwerp:</b> Die metodes en hoe om die werk in die verslag te organiseer en aan te bied, toon 'n gebrek aan begrip. Die kandidaat het met min begrip werk uit 'n bron gereproduseer. Daar is tekens van verwarring oor meer komplekse materiaal. Die mondelinge aanbieding was swak en die kandidaat het dit met min selfvertroue aangebied.
<b>Toon minimale begrip 30%–39%</b>	<b>Minimale begrip van die onderwerp:</b> Minimale navorsing is gedek met beperkte begrip van die onderwerp/verslag. Mondelinge aanbieding is gedoen, maar daar was 'n gebrek aan samehang en aanbieding/was inkonsekwent – het aantekeninge nodig gehad/gelees om die kandidaat te help/foute het deurgaans voorgekom.
<b>Nie behaal nie 0%–29%</b>	<b>Geen begrip van die onderwerp nie:</b> Geen navorsing is gedoen om die onderwerp te staaf nie. Aanbieding/Mondeling voldoen nie aan die streng vereistes van die projek nie.

**BYLAE G: GRAAD 12-TEGNIKKONTROLELYS VIR VIER DANSVORME**

Gedurende die drie jaar van graad 10 tot 12 moet al die inhoud hieronder by die danstegniek vir Onderwerp 1 ingesluit te word. Namate die leerders vorder, moet die kompleksiteitsvlak van die bewegings en die kombinasie van bewegings toeneem met die byvoeging van tempo-, rigting-, dinamikaveranderings, ens.

<b>KONTEMPORÊRE DANS</b>	<b>BALLET</b>	<b>AFRIKA-DANS</b>	<b>FLAMENCO/ SPAANSE DANS</b>
<b>Danskonvensies</b>	<b>Danskonvensies</b>	<b>Danskonvensies</b>	<b>Danskonvensies</b>
<b>Postuur:</b> Toon korrekte liggaams-houding, sterk, geligte kern ('core')	<b>Postuur:</b> Toon korrekte liggaams-houding, sterk, geligte kern ('core')	<b>Postuur:</b> Toon korrekte liggaams-houding, sterk, geligte kern ('core')	<b>Postuur en liggaamslyn:</b> Toon korrekte liggaamshouding, sterk, geligte kern ('core')
<b>Beginsels</b> van die dansvorm	<b>Beginsels</b> van die dansvorm	<b>Beginsels</b> van die dansvorm	<b>Beginsels</b> van die dansvorm
<b>Spinale mobiliteit:</b> Afrol, buig sywaarts, halfsirkel, spiraal	<b>Spinale mobiliteit:</b> Vorentoe, agtertoe, sywaarts en sirkel – half en volle buigings vorentoe	<b>Spinale mobiliteit:</b> Golfbewegings, afrol, buig sywaarts, spinale- en heupontwrigtings	<b>Spinale mobiliteit:</b> Gebruik die bolyf, vorentoe-, agtertoe- en sywaartse buigings en sirkels, heupontwrigtings
<b>Bolyf:</b> Kontraksies, ontspan, hoë ontspan; tabelblad	<b>Bolyf:</b> Épaulement	<b>Bolyf:</b> Kontraksies, ontspan, hoë ontspan	<b>Bolyf:</b> Kontraksies, ontspan, hoë ontspan, épaulement, spiraal
<b>Vloerwerk:</b> Kontraksies, ontspan, hoë ontspan, beenswaai, val, rol, spirale en strek	<b>Vloer-ballet-barre:</b> Voetwerk, bene uitstrek, ontwikkel uitdraai van voet, versterking- en strek-oefeninge	<b>Vloerwerk:</b> Kontraksies, ontspan en golfbewegings, beenswaai, val, strek en rol op vloer (opsioneel)	<b>Vloerwerk:</b> Geen
<b>Arms:</b> Swaai, strek, opeenvolgende arm-bewegings	<b>Arms:</b> Port de bras	<b>Arms:</b> Swaai, uitstrek van arms	<b>Arms:</b> Braceo, muñecas, koördinasie met kastanjette
<b>Kniebuigings:</b> Parallel en uitgedraai, alle posisies; demi en vol	<b>Pliés:</b> In 5 voetposisies, demi en grand	<b>Kniebuigings:</b> Parallel, half en volle uitdraai in tweede posisie	<b>Kniebuigings:</b> Ingesluit by marcaje- en braceo-oefeninge
<b>Voete opwarm:</b> Op tone staan, vee met voet oor en net bokant vloer, voet-artikulasies en oplig	<b>Voete opwarm:</b> Op tone staan en relevés, battements tendu, glissés/dégagés, frappé, cou de pied, piques, retiré	<b>Voete opwarm:</b> Artikulasie van voete, vee met voet oor en net bokant vloer, stampvoetwerk met gebuigde en gestrekte voete, klop, skuifel, voetwerkvariasies	<b>Voete opwarm:</b> Kombinasies met golpes, plantas, tacones, talones, puntas, picas, ens.
<b>Uitdraai</b> parallel	<b>Uitdraai</b>	<b>Uitdraai</b> en indraai	<b>Uitdraai 45<sup>o</sup></b> , parallel
<b>Verplasing van gewig:</b> Stootspronge, loop, hardloop in alle rigtings	<b>Verplasing van gewig:</b> Stootspronge, loop, hardloop in alle rigtings	<b>Verplasing van gewig:</b> Stootspronge, loop, hardloop in alle rigtings	<b>Verplasing van gewig:</b> Pasos de vasco en marcajes: bewegingspassies/roetines met ontspanne knieë



KONTEMPORÊRE DANS	BALLET	AFRIKA-DANS	FLAMENCO/ SPAANSE DANS
<b>Sirkelbewegings met bene:</b> Op die vloer en in die lug	<b>Ronds de jambe:</b> En l'air, à terre	<b>Sirkelbewegings met bene:</b> Op en van vloer af	<b>Sirkelbewegings met bene:</b> Rodazan en Jerezana
<b>Hoë veebewegings en beenswaaië:</b> Vorentoe, sywaarts en agtertoe, val en herstel, helling en uitleg	<b>Grand Battements:</b> Devant, à la second, derrière, battement en cloche	<b>Bene oplik:</b> Voete stamp met variasies	<b>Kastanjette:</b> Enkel, afwisselend, beide, rol en kombinasies wat meer kompleks word
<b>Balans:</b> Oopsprei van bene (développés), buig op een been (fondu), stadige uitstrek van been, van balans af/van liggaamsas af, swewing, ens.	<b>Adage:</b> Développés, temps lié, fondu, arabesque, ens.	<b>Balans:</b> Op een been, van balans af/van liggaamsas af, oopsprei van bene	<b>Balans:</b> Marcajes met wisselende gebruik van die liggaam – staties
<b>Draaie:</b> Spildraaie ('Swivels') en oogfokus, spiraal-draaie, volgehoue (aaneenlopende) draaie (chaînés), draaie op een been, sprongdraaie	<b>Draaie:</b> Oogfokus: en dehors, en dedans, posé en tournant, enkel (dubbel opsioneel), chaînés	<b>Draaie:</b> Terugwaartse draaie met huppel-draaie ('hopping swivels') en oogfokus	<b>Draaie:</b> Basiese flamenco-draaie, arms 4 <sup>de</sup> tot 4 <sup>de</sup> , 3 <sup>de</sup> tot 3 <sup>de</sup> , begin met kastanjette, draaie van die liggaam (de pecho, quebrada), chene
<b>Klein spronge:</b> Huppel/Hop, spronge: twee voete tot een, een tot twee, parallel en uitgedraai, in alle posisies	<b>Petit allégro, allégro, batterie:</b> Sautes, soubresauts, changements, échappés, assembles, jetés, sissone ordinaire en fermée, temps levé, glissades, entrechat quatre, changement battu, échappé saute battu	<b>Klein spronge:</b> Met variasies, groot spronge	<b>Palmas:</b> Secas en sordas, verskillende palos en tempos
<b>Beweeg oor/deur ruimte:</b> Lang lopies, lae lopies, hardloop, pronkstap, tritise ('triplets')	<b>Beweeg oor/deur ruimte:</b> Loop, hardloop, bourrées, balancés, pas de bourrées, chassé, pose temps leve in arabesque, pas de chat	<b>Beweeg oor/deur ruimte:</b> Loop en hardloop	<b>Beweeg oor/deur ruimte:</b> Pasos de Vasco en bewegende marcajes, inkorporeer stap/loop (lang) en rigting verander
<b>Bewegings in lug:</b> Groot spronge, spronge, gallop, fouetté, 'barrel leaps', treehuppel ('step hop') in alle rigtings	<b>Bewegings in lug:</b> Grand allegro, gallop, fouetté, grand jeté, grand jeté en tournant	<b>Bewegings in lug:</b> Spronge, gallop en hop/huppel terwyl daar beweeg word	<b>Geen</b>

<b>KONTEMPORÊRE DANS</b>	<b>BALLET</b>	<b>AFRIKA-DANS</b>	<b>FLAMENCO/ SPAANSE DANS</b>
<b>Gevorderde vaardig-hede:</b> Val en rol, kontakwerk	<b>Gevorderde vaardig-hede:</b> Pointe-werk (opsioneel) as leerders sterk genoeg is/van plan is om ballet-dansers of ballet- onderwysers te word	<b>Gevorderde vaardig-hede:</b> Kontakwerk, komplekse ritmiese patroonwerk, integrasie van sing en dans	<b>Gevorderde vaardig-hede:</b> Komplekse ritmiese patroonwerk, spoed, integrasie van sing en dans
<b>Danse:</b> Kombinasies, solo, groepdans <b>8–16-telling ongesiene/onbeken-de kombinasie van passies hierbo</b>	<b>Danse:</b> Enchaînements, solo, groepdans <b>8–16-telling ongesiene/onbeken-de kombinasie van passies hierbo</b>	<b>Danse:</b> Tradisionele seremoniële dans, sosiale dans, solo <b>8–16-telling ongesiene/onbeken-de kombinasie van passies hierbo</b>	<b>Danse:</b> Kombinasies, solo, groepdans
<b>Ritmes:</b> Verskillende genres en tempo's	<b>Ritmes:</b> Verskillende genres en tempo's	<b>Ritmes:</b> Verskillende genres en tempo's	<b>Ritmes:</b> Verskeie palos en tempos plus contretempo's
<b>Integrasie van liggaamsdele:</b> Koördinasie van arms, bene, bolyf, kop in beweging	<b>Integrasie van liggaamsdele:</b> Koördinasie van arms, bene, bolyf, kop in beweging	<b>Integrasie van liggaamsdele:</b> Koördinasie van arms, bene, bolyf, kop in beweging	<b>Integrasie van liggaamsdele:</b> Koördinasie van arms, bene, bolyf, kop in beweging met bykomende aspek van kastanjette en palmas
<b>Opvoering:</b> Fokus, projeksie, musikaliteit, gebruik van ruimte, akkuraatheid	<b>Opvoering:</b> Fokus, projeksie, musikaliteit, gebruik van ruimte, akkuraatheid	<b>Opvoering:</b> Fokus, projeksie, musikaliteit, gebruik van ruimte, akkuraatheid	<b>Opvoering:</b> Fokus, projeksie, musikaliteit, gebruik van ruimte, akkuraatheid

## BYLAE H: OPSTELSKRYF-VAARDIGHEDE VIR LEERDERS

### Om te begin

Wanneer 'n opstel begin word, is die beste manier om presies wat jy wil sê op die papier neer te skryf – beplanning is belangrik. Om dit effektief te doen, probeer om vooraf 'n breinkaart te trek sodat jy die verband tussen elke punt duidelik kan sien. Dit sal jou help om die opstel behoorlik te struktureer.

### Strukturering van jou opstel

Die algemene struktuur van jou opstel:

- **Opskrif en formaat:** Onthou om na te gaan in watter formaat jy veronderstel is om die opstel te skryf (bv. 'n artikel, huldeblyk, brief, vergelyking, biografie, mediaverklaring of resensie). Verskaf 'n geskikte/gepaste opskrif.
- **Inleiding:** Dit sal die leser 'bekend stel' aan wat jy gaan bespreek. Gee 'n kort oorsig waarom jy gaan praat en wat jy gaan ontleed.
- **Inhoud:** Dit is die hoofdeel van jou opstel. Dit sluit inligting, waarnemings, opinies en verband/verwantskap in – die hoofbasis van jou skryfwerk.
- **Gevolgtrekking/Slot:** Dit is die finale afdeling van jou werk waar jy sal opsom waarom jy gepraat het en 'n afgewerkte paragraaf sal verskaf oor wat jy ontdek/aangebied het.

### Nagaan van jou werk

'n Belangrike deel van opstelskryf is selfontleding van dit wat jy geskep het. Lees jou opstel hardop vir jouself. Dit sal enige foute gemaak, wat jy nie andersins sou opgemerk het as jy dit net in jou kop gelees het nie, uitlig! Vra jouself af:

- Hoe lyk my leestekens, spelling, taal en frasering?
- Maak alles sin? Het ek myself herhaal? Vloei dit doeltreffend?
- Verwys na jou breinkaart. Is daar iets wat jy uitgelaat het?

Dit is 'n goeie idee om in die finale eksamen 'n breinkaart van jou opstel te maak voordat jy jou finale antwoord neerskryf.

**BYLAE I: HULPBRONNE VIR DANSSTUDIES****Uitstekende Dansstudies-boeke en -gidse vir graad 10-, 11- en 12-onderwysers en -leerders****Edumedia-hulpbronne**

Die volgende hulpbronne vir Dansstudies-onderwysers en -leerders is by Edumedia beskikbaar:  
Tel: 021 689 9536; Faks: 021 685 7421; E-pos: [Edumedia@westerncape.gov.za](mailto:Edumedia@westerncape.gov.za);  
Webtuiste: <http://edumedia.wcape.school.za/catalog>:

- *Dance Theory and History Teachers' Resource Pack*
- *Dance Theory and History Study Guide Grades 10–12*
- *Anatomy and Health Care Study Guide Grades 10–12*
- *Dance Studies: Teaching Improvisation, Choreography & Production DVD and teacher guide*
- Contemporary dance set solo and African dance exemplar
- DVD and teacher guide: *Contemporary Dance common exam syllabus*
- DVD and teacher guide: *Practical ballet examination class*
- DVD and teacher guide: *Everybody Dance*
- DVD and teacher guide: *Warming Up and Cooling Down*

**Nuttige Internet-webtuistes**

- [www.drumcafe.org](http://www.drumcafe.org) – Drum Café (boek) – Inheemse musiek en dans in Suid-Afrika
- [www.dancedirectory.co.za](http://www.dancedirectory.co.za)
- [www.sarada.co.za](http://www.sarada.co.za) – Suid-Afrikaanse Rotskuns (San-kultuur)
- [www.nasmus.co.za](http://www.nasmus.co.za) – Sanmedisyne/Beswymingsdans
- [www.africaguide.com/culture/music.htm](http://www.africaguide.com/culture/music.htm)
- [http://en.wikipedia.org/wiki/African\\_dance](http://en.wikipedia.org/wiki/African_dance)
- [www.vuyani.co.za](http://www.vuyani.co.za)
- [www.jazzart.co.za](http://www.jazzart.co.za)
- [www.sekwaman.co.za](http://www.sekwaman.co.za) – Vincent Mantsoe
- [www.southafrica.info/about/arts/dance.htm](http://www.southafrica.info/about/arts/dance.htm)
- <http://writing2.richmond.edu/writing/wweb/dance/danceguide.html>
- Answers.com – (wanneer gevra, tik in die woord 'Dance')
- WKED-webtuiste vir onderwysers – bronmateriaal en eksamenbankvrae:  
<http://curriculum.pgwc.gov.za/site/32/page/view/>